**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**KUNS SG**
**(Eerste Vraestel: Kunsgeskiedenis)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES:**

Die vraestel is verdeel in DRIE afdelings.

**AFDELING A** – Internasionale Kuns (1900 tot die hede) **[45]**

**AFDELING B** – Suid-Afrikaanse Kuns (1900 tot die hede) **[45]**

**AFDELING C** – Kunswaardering en -kritiek **[10]**

Beantwoord 5 vrae:

- In Afdeling A is Vraag 1 verpligtend. Beantwoord ook Vraag 2 of Vraag 3.
- In Afdeling B is Vraag 4 verpligtend. Beantwoord ook Vraag 5 of Vraag 6.
- Afdeling C is verpligtend.
- Lees die vraestel deur voordat jy met die eksamen begin.
- Moenie inligting herhaal nie.
- Antwoorde in die vorm van lysies, sal nie punte verdien nie. Skryf in vol- en samehangende sinne.
- Gebruik die puntetoekenning as ? aanduiding van die lengte en omvang van elke antwoord.
- Nommer jou antwoorde presies soos die vrae op die vraestel genommer is.
- Trek ? lyn aan die einde van elke vraag en laat ? reël oop tussen onderafdelings.

---

**TEMA:**

Die kunstenaar se benadering tot ? kunswerk beïnvloed die 'gevoel' van die kunswerk, wat weer eens ons reaksie op die kunswerk affekteer.

Byvoorbeeld: ons reageer openlik op die animasie en spontaneïteit van die sterk kwashale in Abstrakte Ekspressionistiese kunswerke, omdat hulle sterk emosies beliggaam.
Ander bewegings en kunstenaars het ? meer beheerste benadering, en ons reaksies mag dalk nie so emosioneel wees nie, maar nieteenstaande het ons nog ? gevoel vir die kunswerk.

Hierdie vraestel vereis dat jy die maniere waarop die skeppende proses noodsaaklik is vir ons reaksie op die kunswerk, in gedagte moet hou.

AFDELING A

## INTERNASIONALE KUNS VAN 1900 TOT DIE HEDE

**Vraag 1 is verpligtend. Beantwoord ook Vraag 2 of 3.**

### VRAAG 1

Kies TWEE twintigste-eeuse internasionale skilderkunsbewegings. Ten minste EEN moet van ná die Tweede Wêreldoorlog wees.

1.1 Noem elke beweging. (2)

1.2 Noem EEN kunstenaar van elke beweging. (2)

1.3 Gee ? voorbeeld van EEN werk van elke kunstenaar. (2)

1.4 Verduidelik die verskillende skeppende prosesse van elke kunstenaar. (4)

1.5 Beskryf die kunswerke wat jy genoem het. (10)

1.6 Teken ? diagram van EEN van die werke wat jy beskryf het in Vraag 1.5 en gee die naam van die kunstenaar en die titel van die werk. (5)

**[25]**

**EN**

### VRAAG 2

***Beeldhoukunstenaars van die twintigste eeu gebruik hul skeppende proses(se) om ? stelling te maak waarop die toeskouer reageer.***

2.1 Noem TWEE internasionale kunstenaars wat driedimensioneel werk en sy/haar skeppende proses gebruik om ? bepaalde stelling te maak. 2x1=(2)

2.2 Verduidelik hoe die kunstenaar wat jy genoem het, sy/ haar media en tegnieke in die skeppende proses gebruik. 2x4=(8)

2.3 Noem EEN werk deur elke kunstenaar. 2x1=(2)

2.4 Met verwysing na die bostaande stelling, beskryf die werke wat jy in Vraag 2.3 genoem het. 2x4=(8)

**[20]**

**OF**

## VRAAG 3

> ***Wat het met argitektuur sedert die Tweede Wêreldoorlog gebeur dat die enigste verbygangers wat dit sonder pyn kan verduur, diegene is wat met ? wit kierie en ? gidshond toegerus is?***
>
> **Bernard Levin : www.quotesgalore.com**

3.1 Noem EEN Internasionale Styl-argitek. (1)

3.2 Noem TWEE geboue wat deur hierdie argitek ontwerp is: EEN woning en EEN openbare gebou. (2)

3.3 Beskryf die konstruksieproses van EEN van die geboue. (5)

3.4 Noem EEN argitek wat ná die Internasionale Styl van argitektuur gewerk het. (1)

3.5 Noem EEN gebou wat deur dié argitek ontwerp is. (1)

3.6 Bespreek kenmerke van dié gebou wat anders as dié van ? Internasionale Styl-gebou is. (5)

3.7 Beskryf EEN van die geboue wat jy genoem het. (5)
**[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [45]**

## AFDELING B
## SUID-AFRIKAANSE KUNS VAN 1900 TOT DIE HEDE

**Vraag 4 is verpligtend. Beantwoord ook Vraag 5 of 6.**

## VRAAG 4

> ***? Skildery in ? museum hoor meer lagwekkende opinies as enigiets anders in die wêreld.***
>
> **Edmond de Goncourt : www.quotesgalore.com**

4.1 4.1.1 Noem EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse skilder. (1)

4.1.2 Noem TWEE skilderye deur dié skilder. (2)

4.1.3 Beskryf EEN van die skilderye wat jy in Vraag 4.1.2. genoem het en sê wat die opinie van die publiek daaroor kon gewees het. (4)

4.1.4 Verduidelik die tegniese proses wat die kunstenaar gebruik het. (3)

4.2 4.2.1 Noem TWEE kontemporêre kunstenaars wat beeldhoukuns of drie-dimensionele kunswerke skep. (2)

4.2.2 Noem EEN werk van elke kunstenaar. (2)

4.2.3 Beskryf EEN van die werke wat jy in Vraag 4.2.2 genoem het. (4)

4.2.4 Beskryf die kunstenaar se skeppende proses. (2)
**[20]**

**EN**

**VRAAG 5**

***Die proses wat ? kunstenaar/ ontwerper/ vlytkuns-kunstenaar / argitek in sy/haar werk gebruik, het ? direkte invloed op die doeltreffendheid van die finale produk.***

Moontlike verskille bestaan tussen die proses(se) van die ontwerp en konstruksie van **openbare** geboue en ? **woonhuis**.

5.1 5.1.1 Noem TWEE kontemporêre argitekte/ argitekfirmas. (2)

5.1.2 Noem EEN woning en EEN openbare gebou wat deur die argitekte/ argitekfirmas ontwerp is wat jy in Vraag 5.1.1 genoem het. 2x2=(4)

5.1.3 Noem die materiale en tegnieke wat in EEN woonhuis en EEN publieke gebou gebruik is, wat in Vraag 5.1.2 genoem is. 2x4=(8)

5.1.4 Beskryf die proses wat in die konstruksie van die geboue wat jy genoem het, gebruik is. (6)
**[20]**

5.2 5.2.1 Noem EEN toegepaste kuns-kunstenaar/ toegepaste kuns-agentskap/ vlytkunstenaar. (1)

5.2.2 Gee ? voorbeeld van die werk van die toegepaste kuns-kunstenaar/ toegepaste kuns-agentskap/ vlytkunstenaar, en verduidelik die proses wat gebruik is om die werk te skep. (4)
**[5]**

**OF**

**VRAAG 6**

***Die proses om tekeninge, drukwerke en werke van toegepaste kuns te maak, verskil.***

6.1 6.1.1 Noem EEN kontemporêre drukkuns-kunstenaar. (1)

6.1.2 Noem TWEE voorbeelde van sy/haar werk. (2)

6.1.3 Beskryf die proses wat die drukkuns-kunstenaar gebruik het om die drukwerk te skep. (5)

6.2 6.2.1 Noem EEN kontemporêre tekenaar. (1)

6.2.2 Noem TWEE voorbeelde van sy/haar werk. (2)

6.2.3 Beskryf die proses wat die tekenaar gebruik het om die tekening te skep. (5)

6.2.4 Beskryf EEN van die tekeninge wat jy genoem het (4)
**[20]**

6.3 6.3.1 Noem EEN toegepaste kuns-kunstenaar/ toegepaste kuns-agentskap/ vlytkunstenaar. (1)

6.3.2 Gee ? voorbeeld van die werk van die toegepaste kuns-kunstenaar/ toegepaste kuns-agentskap/ vlytkunstenaar en verduidelik die proses wat gebruik is om die werk te skep. (4)
**[5]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [45]**

AFDELING C
**KUNSWAARDERING EN -KRITIEK**

**VRAAG 7**
**VERPLIGTEND**

Definieer enige VYF van die volgende skeppende prosesse en gee ? voorbeeld by elk deur te verwys na ? kunswerk deur ? spesifieke kunstenaar wat van die tegniek gebruik gemaak het. Skryf die naam van elke proses wat jy gekies het, neer.

8.1 Impasto
8.2 Glasuur
8.3 Byvoegingsbeeldhouwerk
8.4 Assemblage
8.5 Installasiekuns
8.6 Collage
8.7 Newelkleuring
8.8 Stippeling
8.9 Gietwerk
8.10 Syskermwerk 5x2=**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [10]**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**